SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

FEBRUARY / *FEBRUARIE*
MARCH / *MAART*

2005

AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL

(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfkuns, Funksionele Skryfkuns, Letterkunde)

SG **101-2/3**

13 bladsye

101 2 3 SG

X05

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG
(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfkuns, Funksionele Skryfkuns, Letterkunde)

TYD: 2 uur

PUNTE: 80

INSTRUKSIES:

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- AL DRIE afdelings is VERPLIGTEND.
- Lees die INSTRUKSIES by elke afdeling.

AFDELING A
KREATIEWE SKRYFWERK

VRAAG 1

INSTRUKSIES:
Jy het gedurende die afgelope jare in Afrikaansonderrig met skryfwerk oor 'n wye terrein kennis gemaak. Skryfwerk impliseer nie net skriftelike kommunikasie en die hantering van verskillende skryfstukke nie, maar ook taalvaardigheid en taalgebruik.

- EEN opdrag van 30 punte moet in Afdeling A gedoen word.
- Die lengte van die skryfstuk moet ongeveer 250 – 350 woorde wees.
- Hou by die vereiste lengte.
- Bepaal jou by die onderwerp.
- Besin en beplan deeglik en benut die volle tydsduur van die vraestel.
- Skryf die nommer van die vraag boaan neer.
- Werk netjies.
- Hou by elke opdrag die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

  → Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik.
  → Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het.
  → Die VORM van die skryfstuk.
  → Die TAAL, STYL en TRANT wat by die skryfstuk pas.

1.1 Lotto-mania vier hoogty. Skryf 'n BEREDENERENDE skryfstuk waarin jy die voordele en nadele van lotto-speel bespreek.

OF

1.2

(Uit: ***Rapport***, 16 Maart 2003)

Jy wil so graag 'n partytjie by julle huis hou. Jou moeder onthou egter nog baie goed wat gebeur het toe jy eendag vir jouself moes kos maak. OORTUIG jou ouers dat jy nou meer verantwoordelik is en dat hulle jou kan vertrou om nie die huis na die partytjie soos 'n varkhok te los nie.

OF

1.3 Jy het die einde van jou skoolloopbaan bereik. In ons lewens is daar verskeie kere wat 'n mens die einde van 'n pad bereik. Skryf 'n VERHAAL waarin die hoofkarakter tot die besef kom dat daar 'n einde kom aan alles wat goed is. Voorsien jou verhaal van 'n treffende titel.

Onthou 'n verhaal bevat gewoonlik die volgende elemente: karakters, milieu, konflik, kontras en 'n tema.

OF

1.4 **Ek wil na the Bold kyk, nee! Ek wil e kyk. Ma!! Joan wil nie hê ek moet e-tv kyk nie.**

Bostaande is dikwels situasies wat in verskillende huishoudings in Suid-Afrika plaasvind. Jy is een van die kykers wat gek is na televisie.
Skryf 'n BESKRYWENDE opstel oor jou gunsteling televisiekarakters.

OF

1.5 Waaraan dink jy as jy na die volgende prente / illustrasies kyk? Skryf 'n skryfstuk oor EEN van die prente en voorsien jou skryfstuk van 'n treffende titel. Skryf die nommer van jou keuse ook boaan die skryfstuk neer. Jou skryfstuk kan van enige aard, styl of trant wees. Dit kan byvoorbeeld verhalend, beredenerend of bespiegelend wees. Dit kan 'n opstel verslag, betoog of artikel wees.

1.5.1

(Uit: ***The Star***, 10 Mei 2003)

OF

1.5.2



(Uit: ***The Star***, 10 Mei 2003)

OF

1.5.3



(Uit: ***Huisgenoot***, 24 April 2003) **[30]**

AFDELING B
FUNKSIONELE SKRYFWERK

VRAAG 2

- Kies EEN van die volgende opdragte om oor te skryf.
- Die lengte van die skryfstukke moet 150 – 200 woorde wees.
- Bepaal jou by die onderwerp.

2.1 Mense ondervind baie probleme en skryf dikwels aan tydskrifte se hulpkolomme om hulp / raad vir hulle probleme te kry. Jy is pas aangestel as raadgewer vir ***Huisgenoot*** en het die volgende brief van 'n moedelose leser ontvang. Vertel watter **raad** jy in jou rubriek aan hom / haar sal gee.

> My kopseer is hierdie meisie by die skool. Ek het met die koelste ou uitgegaan en toe los hy my vir haar. Sy is lelik en kan ander mense baie seermaak. As ek sy naam op iets skryf, skree sy op my, maar vir haar is dit nie 'n probleem nie– sy kan mos enigiets doen. My vriende sê ek moet van hom vergeet, maar ek hou te veel van hom. Gee raad asb! – **RP (14), Pretoria**

(Uit: ***Huisgenoot***, 24 April 2003)

OF

2.2

(Aangepas uit: *Rapport*, 11 Mei 2003)

Julle skoolhoof het besluit om die tuig neer te lê en die onderwys vaarwel te roep. Skryf die TOESPRAAK neer wat jy namens die graad-12 leerlinge by die afskeidsfunksie gaan lewer.

OF

2.3

(Uit: ***Rapport***, 23 Februarie 2003)

Jou beste maat is heeltemal moedeloos met die lewe (skoolwerk, verhoudings, ouers, familie). Hy / sy het nou 'n besluit geneem waarmee jy nie saamstem nie, naamlik om die skool te verlaat. Skryf die **dialoog** neer wat tussen julle plaasvind waarin jy hom / haar probeer oortuig dat dit nie 'n wyse besluit is om te neem nie.

OF

2.4

AUGUSTUS 2004

1	2	3	4	5	
6	7	8	9	10	
11	12	13	14*	15	
16	17	18	19	20	
21	22	23	24*	25	
26	27	28	29	30	31*

Nog net drie dae voor die groot dag 1 SEPTEMBER **L E N T E D A G!!!**
En die gemeenskap hou MAKIETIE.
Skryf DRIE **dagboekinskrywings** oor die dag waarin jy melding maak van jou ervarings, teleurstellings en emosies. Vertel ook watter tipe stappe jy geneem het om te verseker dat die dag 'n sukses is.

2.5 Hieronder verskyn 'n voorbeeld van 'n filmresensie. Skryf nou 'n **resensie** oor enige film waarna jy onlangs gekyk het.

Onthou dat die volgende inligting deel van jou resensie moet wees:
- 'n treffende opskrif
- 'n waardebepaling
- 'n aanbeveling

GANGS OF NEW YORK (NU METRO)
Met Leonardo DiCaprio en Daniel Day-Lewis
Regisseur: Martin Scorsese

8/10

Die koning van die Mafia- en misdaadriller (onder meer!) Martin Scorsese oorweldig gehore met die geboorte van misdaad in Amerika op Amerikaanse strate in hierdie epiese skouspel. Geweld, die skepping van drome, die vervolmaking van korrupsie en 'n uitbundige viering van als wat Amerikaans is, maak van dié prent een van die jaar se grootste eposse. Net aanbeveel as jy van reusetonele, asemrowende oomblikke en dramatiese aksie hou waarin karakterisering die bepalende rol speel.

(15)

(Uit: ***Vrouekeur***: 14 Maart 2003)

VRAAG 3

- Kies EEN van die volgende opdragte om oor te skryf.
- Die lengte van die skryfstukke moet 80 – 100 woorde wees.
- Bepaal jou by die onderwerp.

3.1 Julle toneelgroep kom vir die laaste keer voor julle opvoering bymekaar. Skryf die inhoud van die **faksnota** wat jy aan die lede van die toneelgroep stuur neer.

OF

3.2 Die jeugorganisasie wil iets vir die gemeenskap doen en gaan 'n gesinsdag ten bate van die Oues van dae hou. Skryf 'n **advertensie** om die gesinsdag op 'n aanloklike wyse aan die publiek bekend stel.

OF

3.3 Jy het al weer soos soveel keer vantevore nie jou tuiswerk gedoen nie en jou moeder het hierdie keer haar dreigemente uitgevoer en jou vir die maand gehok. Jou meisie/kêrel het in die tyd verjaar en jy is beslis na aan afsê. Skryf die **inhoud van** die **kaartjie** wat jy aan haar/hom stuur waarin jy om verskoning vra.

(15x2)=**[30]**

TOTAAL VIR AFDELING A & B: [60]

AFDELING C
LITERATUURSTUDIE

VRAAG 4

Hierdie afdeling tel 20 punte.
Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
Die vrae handel onderskeidelik oor ***BOEKET*** (Tony Links e.a.) en ***VERLORE PARADYSE*** (N.J. Snyman).

BOEKET (Tony Links e.a.)
Beantwoord die kontekstuele vraag OF die paragraaftipe vraag.

OF

VERLORE PARADYSE – (N.J. Snyman)
Beantwoord die kontekstuele vraag OF die paragraaftipe vraag.

KONTEKSTUELE VRAAG : *BOEKET*

VRAAG 4

Lees die volgende uittreksels aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarna volg:

"En wat deed jij daar? Opvreter. Jij laf kreng. Wat had jij hier te zoeken?" sprak daarop zacht, en daarop nog heser, de stem. Voordat er tijd had kunnen zijn geweest voor een antwoord, volgde reeds het geluid van steeds sneller toegediende slagen.

In het schaatse licht was alleen het gelaat van het kind duidelijk zichtbaar. Er waren geen tranen op te zien; uit de mond steeg wel een regelmagtig, hoog gekreun op, maar in de spitse, muisachtige gelaatstrekken en de diepliggende, donkere ogen viel slechts een uitdrukking van geduldige waakzaamheid te lezen.

De man duwde de gestalte voor zicht uit en drukte het gezichtje met brute kract tegen de muur. Er klonk een gesmoorde gil, die de man een ogenblik zijn prooi deed loslaten. Opnieuw liet hij zijn vuisten op het lichaam van de jongen neerkomen maar tenslotte scheen hij moe te worden, want opeens heild hij op, draaide zicht om en verdween.

Allen veegde het bloed, dat uit zijn neus liep, weg van zijn lippen.

("***Bloed***" – Gerard Reve)

4.1 4.1.1 Na wie verwys "jij" in r.1? (1)

4.1.2 Wat is die verwantskap tussen die spreker en "jij" in r.1? (1)

4.2 Watter karaktertrek van die spreker word uitgebeeld in r.15? (1)

4.3 Dink jy die spreker se optrede in r.15 is geregverdig? Motiveer. (2)

4.4 Watter verband is daar tussen die woorde "muisagtig" (r.9) en "prooi" (r.14)? (1)

4.5 In watter opsig sluit die woord "prooi" aan by Allen se latere optrede in die skuur? (2)

4.6 Geluide word aangewend om spanning te skep.
Skryf een geluid neer wat in die aangehaalde uittreksel voorkom. (1)

4.7 Allen bloei in r.10. Aan die einde van die verhaal vloei daar ook bloed. Wie bloei? (1)

4.8 Wat dink jy word deur die herhaling van bloed in die verhaal geïllustreer? (1)

4.9 Spot die skrywer met die leser aan die einde van hierdie kortverhaal? Motiveer. (2)

4.10 Op watter TWEE maniere word die naskrif aan die einde van die verhaal beklemtoon? (2)

EN

De trein naar Den Haag stond op het Centraal Station en ik zat alleen in de coupe, maar even voor we wegreden kwam er een man binnen. Een grote, plompe, door en door Hollandse man van een jaar of zestig terdege ingebakerd.

"Goede morgen," zei ik.

Hij antwoordde niet doch begon zicht te ontdoen van handschoenen, hoed, sjaal en overjas op een manier of al deze handelinge hem met diepte weerzin vervulden. Geen zonnetjie in huis, dat stond wel vast. De hoed legde hij in het bagagenet en de jas hing hij aan het haakje vlak bij het raam. Daarop liet hij zijn grote hoeveelheid kilogrammen op de plaats tegenover mij neer.

("***Een heer in de trein***" – Simon Carmiggelt)

4.11 Waarheen is die trein onderweg? (1)

4.12 "Hy antwoordde niet" (r.6)
Dink jy die man het die verteller gehoor groet? Motiveer. (2)

4.13 Noem TWEE van drie insidente wat met die man in die trein gebeur het. (2)

[20]

OF

PARAGRAAFTIPE VRAAG : *BOEKET*

VRAAG 5

5.1 Die verhaal, "Handel" deur Anton Koolhaas, is in 'n groot mate die blootstelling van die hoofkarakter as 'n gewetenlose manipuleerder en hartelose uitbuiter. Bespreek hierdie stelling in 150 – 180 woorde en gee veral aandag aan die volgende hoofpunte:

- Oom Adriaan se slinkse verkoopstegnieke
- Die uitbuiting van sy neef
- Die slotsom waartoe sy neef kom
- Jou eie mening oor oom Adriaan se handelspraktyke (15)

EN

5.2 Die grenslyne tussen goed en kwaad; die goeie en die bose is moeilik onderskeidbaar in die kortverhaal, "Bloed" deur Gerard Reve. Bespreek hierdie stelling in 80 – 100 woorde en gee aandag aan die volgende hoofpunte:

- Allen – die slagoffer
- Allen – die moordenaar
- Jou eie mening oor Allen se boosheid (5)

[20]

OF

KONTEKSTUELE VRAAG : *VERLORE PARADYSE* – N.J. Snyman

VRAAG 6

Lees die volgende uittreksels aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae:

"Ouboet," het ek gesê "wil jy weer jou storie hoor?"
Hy het skielik regop gesit. Gelag. Afskuwelik gelag van plesier.
"'Seblief, 'seblief! Dan slaap ek weer." Hy het die kussings agter hom reggeskik en, kinderlik tevrede, sagte keelgeluidjies gemaak soos altyd as hy ingenome was.
Ek het langs hom op sy bed gaan sit en my hart verskriklik in my bors voel klop. Hóór klop. Ek kon dit nie help nie. Ek was bang. My hande het gebewe en ek kon nie 'n woord kry om mee te begin nie.
Toe skielik het ek opgespring en oor hom gebuk. "Ouboet, jou sot," het ek hygend gesê, "jou arme sot, ek het vir jou gelieg!"
Hy het onder my probeer uitkom, my half van hom probeer wegdruk, deur die war. "Wat het jy gelieg?" het hy gevra.
Daar het 'n bietjie kalmte teruggekom en ek het van die bed af weggestaan, berekenend, op soek na 'n manier om te begin.
"Ek het vir jou gelieg oor Pa en Ma."
Dit het skielik gekom; byna soos 'n brander, onkeerbaar en vinnig. "Pa was nooit ryk nie, Ouboet, en hulle het nooit getrou nie en daar was nie 'n kerk met torings nie en Ma was nooit..."
Verder kon ek nie kom nie. Ouboet, met sy swaar lyf en trossige hande, was skielik bokant my: 'n bloekomboom wat val: 'n dier wat spring. Sy hande was om my keel soos in die droom van flus – die skemerige kamer het gekantel en gekantel en weggeraak voor my oë en my hande was smal en klein teen sy natgeswete bors: muise wat spook om deur 'n muur te grawe.
Toe hy my keel later los, het ek geskreeu en probeer wegkom, maar ek was bang Pa staan dalk by die voordeur, en Ouboet het my aan die skouer.

Slaaptydstorie – Chris Barnard

6.1 Watter emosie het Ouboet skielik laat regop sit in r.2? (1)

6.2 Skryf 'n frase neer uit r.6 – 8 wat dui op die innerlike konflik wat die verteller ervaar. (1)

6.3 Wat beteken "kinderlik" in r.4? (1)

6.4 Waarmee word Ouboet se krag in r.20 vergelyk? (1)

6.5. Wat was die rede vir die verteller se vrees in r.7? (1)

6.6 Waarom word die beletselteken (stippels) in r.18 gebruik? (1)

6.7 Wat het werklik met hul ma gebeur? (1)

6.8 Wie is die verteller in hierdie verhaal? (1)

6.9 In watter opsig staan r.3 – 5 in kontras met r.11 – 12? (2)

6.10 Waarna verwys "muise" in r.23? (1)

6.11 Sou jy Ouboet se optrede en gedrag teenoor die verteller as kindermishandeling beskou? Motiveer. (2)

EN

Nie lank daarna nie het hy weer 'n vis gebring en was hy klaar met 'n verskoning. "Ons het vandag rêrig op skool gesit, ta' Hilda. Twee uur lank voordat die ander bote agtergekom het wat aangaan. Maar toe was ons al dik gevang."

"Ek het jou vantevore gesê...!"

By die volgende geleentheid het die verskoning reeds een van opoffering begin word: "Vis loop nou maar yl, ta' Hilda. Hulle wil nie rys nie. Maar hier is darem iets."

"Hoe's dit dan nou met julle wonderlike vangstes?"

"Dis maar die tyd, ta' Hilda. Die sakvis is ook lastig dié tyd."

Milla het by die middeldeur ingekom. Haar ma het twee keer na haar gekyk, het sy so vinnig vrou geword!?

"Wat hoor ek van sakvis? Sies!" Sy het haar neus oordrewe opgetrek.

"Wat weet jy van visse?" het Hilda Sewes vinnig gevra.

"Ek weet van sakvis. As sakvis hom aan jou hoek opgehang het, moet jy als afsny." Sy het die kabeljou in sy hand gesien, dit by hom geneem en haar hand oor die vis laat gaan. "Hoe goud is hy hier oor sy rug,"

"Jy het nog nie 'n regte rietbul gesien nie!" Wenning het getril.

"Hy is eintlik so groen van die klink op sy skof."

"En het die haaie weer baie pak gekry?"

Hilda Sewes kon sweer haar dogter is daarop uit om haar te tart.

(*Die invloed* – Pirow Bekker)

6.12 In r.2 staan daar "...op skool gesit..." Wat word hiermee bedoel? (1)

6.13 Watter gevoel word aangedui met die beletselteken (stippels) en die uitroepteken in r.5? (1)

6.14 Waarom dink jy sê Wenning in r.7 dat dit 'n opoffering is om die vis te kry? (1)

6.15 Watter houding spreek uit Hilda se woorde in r.9 "Hoe's dit dan nou met julle wonderlike vangstes?" (1)

6.16 Waarom dink Hilda in r.23 dat haar dogter besig is om haar uit te tart? (1)

6.17 Die naam van die dorpe is Vredenbaai. Dink jy dit kan beskou word as 'n voorbeeld van ironie? Motiveer. (2)

[20]

OF

PARAGRAAFTIPE VRAAG – *VERLORE PARADYSE*

VRAAG 7

7.1 ***TERUGKEER VAN 'N SOLDAAT*** – (Dolf van Niekerk)

In hierdie verhaal tree die moeder elke Woensdag op dieselfde ongewone manier op, en as gevolg daarvan isoleer sy haarself. Bespreek in 120 – 150 woorde die ongewone optrede van die moeder en gee veral aandag aan die volgende hoofpunte:

- Haar eienaardige optrede en die ongewone dinge wat sy doen
- Haar isolasie
- Jou identifisering met die moeder, al dan nie (10)

EN

DIE INVLOED – Pirow Bekker

7.2 In hierdie verhaal word Wenning en Milla deel van 'n lang lys heroïese figure wat net soos Romeo en Juliet in die dood verenig. Bespreek hierdie stelling in 120 – 150 woorde deur te verwys na die volgende hoofpunte:

- Wenning en Milla se liefde
- Hilda se invloed
- Hul opoffering
- Jou eie mening oor die sprokiesagtige slot (10)

TOTAAL VIR AFDELING C: [20]

TOTAAL: 80

EINDE